

DIREKTORAAT KORPORATIEWE DIENSTE
UITDAGINGS VAN TEKEN VAN POSBESKRYWINGS DEUR AMPTENARE
REFNO :

DOEL VAN DIE ITEM

Die doel van die item is om die Raad in te lig oor die uitdagings wat heers oor twee amptenare van die Departement van Beplanning en Ontwikkeling wat nie hulle posbeskrywings wil afteken nie

INLEIDING & AGTERGROND

Dit is 'n uitdagende tydperk in die munisipaliteit se siklus, omdat ons begin het met 'n nuwe finansiële jaar en die Munisipaliteit gebuk gaan onder vele uitdagings. Een van die grootste uitdagings in die munisipaliteit is tans effektiewe en doeltreffende dienslewering. Vir die stabiliteit van die munisipaliteit asook vir 'n beter Oudit uitkoms is dit van kardinale belang dat interne kontroles wat reeds in plek is, te implementeer en te monitor.

Een van die interne kontroles wat in plek gestel is is die afteken van posbeskrywings van elke amptenaar sodat elke amptenaar weet wat die omvang van hulle verantwoordelikheid is, die doel van die pos, aard en omvang van pligte ens.

Deur posbeskrywings word gepoog om te verseker dat duidelikheid en aanvaarding bestaan oor wat van die amptenaar verwag word. 'n Posbeskrywing is nie 'n aanstellingsooreenkoms nie.

Me Adams het met die konsultasieproses en afteken van posbeskrywings deur amptenare in onderskeie departemente begin met ingang van Mei 2017 en die proses het ingesluit

- Konsultasieproses met vakbonde
- Konsultasies met Toesighouers van elke departement
- Konsultasie met amptenare van elke departement en teken van posbeskrywings deur elke amptenaar in die teenwoordigheid van vakbonde.

Tydens die konsultasieproses en opstel, hersiening van posbeskrywings van amptenare van die Departement van Beplanning en Ontwikkeling was daar twee amptenare wat nie die posbeskrywings onderteken het nie.

Die motivering van die een amptenaar was dat sy aangestel was as 'n behuisingsklerk – met ingang van 1 September 2012 en dat sy nie die posbeskrywing as IDP beampte sal teken nie.

Die vorige Munisipale Bestuurder het in 2014 'n salarisaanpassing gemaak by die behuisingsklerk se salaris nadat mondelings met haar ooreengekom is dat sy die werk van 'n IDP beampte sal verrig en is tans op T10 met die verskuiwing as IDP beampte. In 2014 is 'n senior behuisingsbeampte tydelik aangestel om die werk van die afdeling te doen, onmiddellik is 'n dispuut ingestel deur die behuisingsklerk oor die senior behuisingsbeampte se aanstelling.

Die motivering van die ander amptenaar in die departement was dat sy met ingang van 1 September 2012 aangestel was as Persoonlike Assistent in die Burgermeester se kantoor.

Die vorige Munisipale Bestuurder het in 2014 'n salarisaanpassing gemaak nadat met haar mondelings ooreengekom is dat sy die werk as IDP beampte sal doen. Die amptenaar doen tans die werk as IDP beampte, maar voel gegrief dat sy nie bevorder word as Senior IDP.

beampte , omdat sy oor die nodige kwalifikasies beskik. Tans is daar aantal griewe wat die amptenaar gemaak het teen die interne aanstellingsprosesse van die munisipaliteit

Mondelings noem die betrokke amptenare op verskeie platforms, dat hulle niks doen nie , omdat daar nie opdragte aan hulle gegee word nie , en ook omdat hulle nie posbeskrywings het nie.

Tydens 'n verslag van die afhandeling van die posbeskrywings aan die Audit Komitee , was die aanbeveling van die Audit Komitee dat daar 'n item geskryf moet word na die Raad sodat die Raad 'n besluit kan neem oor die amptenare wat nie posbeskrywings wil teken nie en daarom niks doen nie . Die kern van die Audit Komitee se aanbeveling is dat die amptenare wat nie hulle posbeskrywings wil teken nie , dan nie beskou kan word as amptenare van die Raad nie .

Daar is verskeie redes waarom werknemers soms weier om opdragte uit te voer. Een van die mees algemeenste redes vir die nie nakoming van opdragte is dat dit nie in my posbeskrywing is nie en die taak derhalwe nie uitgevoer hoef te word nie. Gegewe dat die opdrag binne die parameters of omvang van die werknemer se pligte val, asook dat dit 'n redelike opdrag is sal die bestuurder daarop kan aandring dat die werker die opdrag uitvoer. 'n Posbeskrywing is die geskrewe weergawe van die take en pligte wat daar van die werknemer verwag word om te doen. Dit word egter algemeen aanvaar dat dit bykans onmoontlik is om alle take volledig in 'n posbeskrywing te spesifiseer.

Die gevolg is dat sekere take in posbeskrywings ingeskryf word by implikasie. Die blote feit dat 'n spesifieke taak nie gespesifiseer word in 'n posbeskrywing nie , gee nie die werker die reg om dit te weier nie. Indien 'n werker die taak in die verlede verrig het (selfs al kom hy later tot sy verbasing agter dat dit eintlik nie deel van sy posbeskrywing vorm nie) en gegewe dat dit 'n redelike opdrag is, sal hy moet voortgaan om die taak te verrig. Dit moet onder die aandag van die werker gebring word dat die voortgesette weiering om die opdrag uit te voer tot dissiplinêre aksie sal lei.

Dit is belangrik om daarop te let dat posbeskrywings nie die maatskappy se beleid en prosedures vervang nie. Nietemin, indien die werker nog nie voorheen die spesifieke taak verrig het nie, moet daar met hom/haar gekonsulteer word rakende die wysiging in die posbeskrywing en gepoog word om 'n ooreenkoms te bereik. Hierdie sal 'n informele bespreking wees waar die bestuurder die opdrag bespreek en verduidelik dat die taak redelik binne die bestel van die bestaande parameters van die pos val. Daar moet ook verduidelik word dit 'n redelike en wettige opdrag is.

Indien die werker nie goeie en aanvaarbare redes kan gee om die teendeel te bewys nie moet daar voortgegaan word om die taak te verrig. Aangehoue weiering om die taak te verrig sal in dissiplinêre aksie ontaard.

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Daar is geen finansiële implikasies vir die Raad

AANBEVELING

Die Raad 'n besluit neem dat daar ondersoek gedoen word oor die redes waarom die amptenare nie posbeskrywings wil teken nie

Die Raad moet besluit dat die ondersoek geloods word deur Mnr Swartz en Me Adams

Die Afdelingshoof moet opdragte gee aan die betrokke amptenare en hulle moniteer

Die Raad besluit na oorweging van ondersoek dat die amptenare dissiplinêr aangekla **word**.

BESPREKING